

**Sondag 10 September**

**Skrifgedeelte: Matteus 15:1-9**

**Fokusgedeelte: Matteus 15:8; HK Sondag 30, Antwoord 81**

### **Huigelary en nagmaal**

Huigelary of skynheiligheid is 'n ingesteldheid en lewe waarvolgens die uiterlike voorkoms van opregtheid en vroomheid 'n masker is vir verborge onopregtheid en 'n bedrieglike lewe. Die Griekse woord wat vir skynheiligheid gebruik word (vanwaar die woord *hipokriet* afkomstig is), het oorspronklik 'n akteur (toneelspeler) aangedui wat 'n ander persoon se lewe, karakter en voorkoms vertoon.

In aansluiting daarby het die woord in die Nuwe Testament 'n baie negatiewe betekenis gekry by mense soos die Fariseërs wat hulle anders, gewoonlik baie beter, voorgedoen het as wat hulle werklik was (vgl. Matt. 23:13-39). Christus het die Fariseërs baie skerp veroordeel juis vanweë hulle skynheiligheid. Hulle het voorgegee dat hulle die Here met oorgawe dien en sy gebooe stiptelik gehoorsaam, maar intussen het hulle hul skuldig gemaak aan gruwelike oortreding van God se gebooe. Daarom het Christus hulle heftig veroordeel en met 'n beroep op Jesaja 29:13 aan hulle gesê: “Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af” (Matt. 15:8).

Hulle hele lewe was dus eintlik 'n groot leuen, want hulle het hulle anders voorgedoen as wat hulle werklik was. Dit was asof die Fariseërs maar net nie kon of wou beseft dat hulle *mense* miskien nog kan bluf deur hulle innerlike goddeloosheid met uiterlike vroomheid te bedek nie, maar nie vir *God* nie, want Hy ken hulle deur en deur. Omdat hulle hul sondes agter die masker van vroomheid nie wou erken en bely nie, het hulle ook geweier om hulle daarvan te bekeer (Matt. 11:20-24; 23:37).

Soos die Fariseërs van die Bybel gee ook die hedendaagse huigelaars deur hulle lewe en optrede voor dat hulle die Here met toewyding dien. Intussen oortree hulle die gebooe van die Here – soms selfs op skokkende wyse. Hierdie huigelaars is mense by wie daar geen selftug is nie, geen afkeer in hulleself vanweë hulle sonde nie, geen berou oor hulle sonde nie, en gevolglik geen bekering van hulle sonde nie. Tog doen hulle hulself voor as Christene en beskou dit as hulle reg om nagmaal te gebruik.

Daarom is hulle godsdiens niks anders as skynheiligheid nie, sodat die woorde van die profeet Joël (2:13) ook vir hulle geld: “Skeur julle harte, nie julle klere nie.” Tereg wys die Kategismus daarop dat indien hierdie mense wel nagmaal gebruik, hulle 'n veroordeling oor hulleself eet en drink. Almal van ons moet op ons hoede wees vir huigelary. Trouens, as die apostel Petrus en Barnabas in Antiochië daarin kon verval, sodat Paulus hulle daarvoor moes vermaan (Gal. 2:13, 14), wie is ons om te sê dat dit nooit met ons sal gebeur nie?